**TOM NEWBY SCHOOL**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT:** | **AFRIKAANS** | **EXAMINER:** | **MEV SCHUTTE** |
| **DATE:** | **6 JUNIE 2014** | **MARKS:** | **45** |
| **SESSION:** | **1** | **TIME:** | **1 UUR** |
| **GRADE:** | **4** | **MODERATOR:** | **MEV PIENAAR** |

**This Afrikaans Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School Afrikaans book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.**

**NAAM: ______________________________ GRAAD 4: _________**

***Afdeling A:* Leesbegrip**

***Vraag 1:***

*Lees die volgende fabel en beantwoord dan die vrae*.

**Die leeu se pruik**

[ ***Pruik: Nagemaakte hare om die plek van eie hare in te neem***.]

'n Ou leeu wou eendag in 'n opvoering speel. Maar daar was 'n problem. Al sy maanhare het uitgeval. Dis mos wat gebeur as 'n leeu oud word.

Hy koop toe 'n pruik. Pragtig en blink, net soos 'n sterk leeumannetjie se maanhare. Hy het nog nooit so goed gelyk nie!

Die aand met die opvoering gaan alles goed. Maar toe begin 'n sterk wind te waai.

Die ou leeu wou nog keer, maar die wind ruk die pruik van sy kop af. Gelukkig kon hy vining dink. Hy sê toe vir die gehoor: "As jou eie hare nie eens op jou kop wil bly nie, sal iemand anders s'n seker ook nie."

Les: As iets nie bedoel is om te gebeur nie, kan jy dit nie maak gebeur nie.

(Fanie Viljoen. Ongepubliseer)

Woordverklarings:

Pruik: Wig
Opvoering: Show
Maanhare: Mane

**Vraag 1:**

1. Wat is die titel van die storie?
   ______________________________ (1)
2. Wat beteken die woord pruik in die titel?
   ______________________________ (1)
3. Was die leeu 'n ou leeu of was hy 'n jong leeu?
   ______________________________ (1)
4. Die leeu wou graag in 'n opvoering speel, maar wat was die problem?
   ______________________________ (1)
5. Gee ' n moontlike rede waarom die leeu se maanhare uitgeval het.
   ______________________________ (1)

6. Pas kolom A by kolom B – Skryf die regte letter langs die regte nommer onderaan op die lyntjies neer.

| | **Kolom A** | | **Kolom B** |
|---|---|---|---|
| 6.1 | Die wind | a | Blink en pragtig |
| 6.2 | Pruik | b | Die leeu se pruik |
| 6.3 | Die leeu | c | Sterk |
| 6.4 | Titel | d | Op die verhoog |
| 6.5 | Ruimte | e | Oud |

6.1_________ 6.2 _________ 6.3 ________ 6.4 ________ 6.5 _________ (5)

7. Wie is die hoofkarakter van die fabel?
   ______________________________ (1)

8. Wat het op die verhoog gebeur?
   ______________________________ (1)

9. Wat is die les wat on suit die fabel kan leer?
   ______________________________ (1)

10. Het jy van die leeu gehou? Hoekom/ hoekom nie?
    ______________________________
    ______________________________ (2)

**Sub-totaal: [15]**

***Afdeling A:*** ***Leesbegrip***

***Vraag 2:***

*Lees die volgende dialoog, en beantwoord dan die vrae.*

Anton het elke oggend voor die spieël gestaan. Hy en ‘n seun wat net soos hy lyk, kyk altyd vir mekaar. Hy besluit toe om met die seun te praat.

***Anton:*** Goeiemore, seun.
Wat is jou naam?

***Seun:*** Hallo. My naam is Anton.

***Anton:*** Dit kan nie waar wees nie. My naam is ook Anton.
Ek sien jy glimlag graag breed.

***Seun:*** Ja, ek hou daarvan om te glimlag.

***Anton:*** Weet jy, ek ook.

Anton sien ‘n seun met twee sterk bene en twee sterk arms. Elke hand het vyf vingers. Elke voet het vyf tone.

Hy het bruin hare en groen oë. Hy het twee ore om mee te hoor. Hy het ‘n neus waarmee hy ruik.

Anton wys vir hom spiere. Die seun wys vir hom sy groot spiere. Hy glimlag vir die seun en lag. Die seun in die spieël doen dit ook. Haai kyk, dit is ek!

**Vraag 2:**

1. Vir wie sien Anton as hy in die spieël kyk?

   ______________________________________________________ (1)

2. Onderstreep die regte antwoord.

   2.1 Hoeveel arms het die seun?

   a) Vyf
   b) Twee
   c) Tien (1)

2.2 Hoeveel vingers het hy?

a) Tien
b) Vyf
c) Twee (1)

2.3 Hoekom is Anton sterk?

a) Hy het groot spiere.
b) Hy het groot ore.
c) Hy glimlag breed. (1)

2.4 Watter kleur is sy oë?

a) Bruin
b) Blou
c) Groen (1)

2.5 Waar is sy tone?

a) Aan sy kop.
b) Aan sy hand.
c) Aan sy voet. (1)

3. Wie is die twee karakters in die dialoog?

__________________________________

__________________________________ (2)

4. Waarvoor gebruik ‘n mens ‘n spieël?

______________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

5. Sê of die volgende waar of onwaar is:
***Anton gesels met ‘n meisie?***

____________________________________________________________ (1)

6. Waarvoor gebruik jy die volgende liggaamsdele?

6.1 Neus

_______________________________________________________ (1)

6.2 Mond

_______________________________________________________ (1)

6.3 Oë

______________________________________________________ (1)

6.4 Ore

______________________________________________________ (1)

6.5 Voete

______________________________________________________ (1)

**Sub-totaal: (15)**

**Totaal – Afdeling A[30]**

***<u>Afdeling B: Taal:</u>***

1. Vul die korrekte intensiewe vorm vir die volgende woorde in:
   ***bv. Groen – grasgroen***

   1.1 Dis mos wat gebeur as ‘n leeu (baie oud) ______________________ word. (1)

   1.2 Die leeu was (baie gelukkig) ______________________ dat hy so vining kon dink. (1)

2. Skryf die volgende sin oor in die regte woordorde.
   Gebruik (***S v1 T O M P v2 I***)

   2.1 (Die leeu – s) (gedra –v2) (het – v1) (sy pruik – o) (skool toe – p) (vandag – t)

   Die leeu het vandag sy pruik skool toe gedra.

   ______________________________________________________

   ______________________________

______________________________________________
___________________________ (1)

3. Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd.

3.1 Hy koop 'n pruik.
Hy het 'n pruik gekoop.

______________________________________________
___________________________ (1)

3.2 Die wind ruk die pruik van sy kop af.
Die wind het die pruik van sy kop af geruk.

______________________________________________
___________________________(1)

3.3 Die leeu dink baie vinnig.
Die leeu het baie vinnig gedink.

______________________________________________
___________________________(1)

4. Skryf die volgende sinne oor in die toekomende tyd.

4.1 Hy koop 'n pruik.

Hy sal ‘n pruik koop.

______________________________________________

_____________________________(1)

4.2 Die wind ruk die pruik van sy kop af.

Die wind sal die pruik van sy kop af ruk.

______________________________________________

_____________________________(1)

4.3 Die leeu dink baie vinnig.

Die leeu sal baie vinnig dink.

______________________________________________

_____________________________(1)

5 Gee die korrekte vorm van die woorde in hakies.

Anton sien ‘n klein 5.1 (seun)

________________________ met twee sterk bene en

twee sterk arms. Altwee 5.2 (hand)

_________________________ het vyf vingers. Elke klein

5.3 (voet) _________________ het vyf 5.4 (toon)

_________________. (4)

6. Vul die kappie (^) en deelteken (¨) in waar nodig.

6.1 Die leeu is ‘n oulike kerel.

6.2 Hy het erens sy pruik gekoop.

6.3 Jy kan in sy oe sien dat hy ‘n ou leeu is.

6.4 Die leeu se vertoning is in die more.

(4x½) = 2

***Sub-totaal: [15]***

***Groot totaal: [45]***